

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

In hoofstuk een is die tweeledige doel van hierdie studie gestel, naamlik om vas te stel wat die *aard en omvang* van kommunikasievrees van HOD-studente is en of daar 'n *verandering* in kommunikasievrees tydens die professionele komponent van hul opleiding plaasvind.

In hierdie hoofstuk word bogenoemde doelstellings bespreek en word daar gekyk of die navorsing daarin kon slaag om die gestelde probleemvrae te beantwoord. Daar word tot bepaalde gevolgtrekkings gekom en moontlike verklarings word gegee.

5.2 Samevatting en gevolgtrekkings

Ten einde die aard en omvang van kommunikasievrees van HOD-studente te kon beskryf, moes die kommunikasieverskynsel as sodanig eers in hoofstuk een van nader bekyk word. Klaskamerkommunikasie moes onskryf word en die verband tussen *ouerrig* en *klaskamerkommunikasie* aangetoon word. Daar moes ook oorsigtelik na faktore wat die kommunikasie van onderwysers negatief kan beïnvloed gekyk word, ten einde kommunikasievrees as 'n belemmerde faktor in perspektief te plaas. Bogenoemde het in hoofstuk twee aan die orde gekom.

In hoofstuk drie is *kommunikasievrees* as verskynsel onder die loep geneem en aangetoon watter negatiewe gevolge dit op die onderrigleergebeure kan hê. Daar is ook moontlike wenke ter voor- en oorkoming van kommunikasievrees in die klas gegee.

In hoofstuk vier is 'n empiriese ondersoek na die aard en omvang, asook die verandering in kommunikasievrees (tydens die professionele opleidingsjaar) van HOD-studente aan die PU vir CHO gedoen. Na aanleiding daarvan is tot die volgende samevattende gevolgtrekkings en moontlike verklarings gekom:

- * Tydens die aanvanklike meting van kommunikasievrees is daar 15,4% studente wie se kommunikasievrees as hoog beskou kan word. Dit is in ooreenstemming met wat McCroskey *et al.* (1981) ten opsigte van die kommunikasievrees van onderwysers in die VSA bevind.
- * Wat studierigting betref wil dit voorkom asof die HOD(S)-diplomastudente se kommunikasievrees tydens die aanvanklike meting die hoogste, naamlik 54,1% is. Dit is in paragraaf 3.7.2 van hoofstuk drie

aangetoon dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen akademiese prestasie en kommunikasievrees bestaan. Die toelatingsvereistes vir die HOD(\$)-diploma is die laagste van alle moontlike studierigtings aan die PU vir CHO en die slaagsyfer van hierdie studente is ook nie na wense nie. Die vraag kan dus gevra word of hul relatief hoë kommunikasievrees nie moontlik 'n bydraende faktor tot hul swakker akademiese prestasie kan wees nie en andersom.

- * Studente wat die Geesteswetenskaplike rigting volg se kommunikasievrees is tydens die aanvanklike meting die laagste (49,7%). 'n Moontlike verklaring kan wees dat studente met relatief lae vlakke van kommunikasievrees juis hierdie studierigting (waaronder tale) sal kies, omdat hul moontlik meer mens- as taakgeoriënteer is en daarvan behoort te hou om te kommunikeer, soos in die onderrig van tale van hulle verwag word.
- * Tydens die aanvanklike meting is vroulike studente (51,3%) se kommunikasievrees effens hoër as die van mans studente (49,6%). Dit strook met wat Van Staden (1994:75) ten opsigte van Swart onderwysstudente bevind het. In Junie en September is die vroulike studente se kommunikasievrees egter effens laer as dié van die mans studente.
- * Daar is tydens die professionele opleidingsjaar 'n *afname* in die algemene kommunikasievrees van HOD-studente, maar hierdie afname is nie prakties betekenisvol nie. Die afname in kommunikasievrees kan moontlik aan die blootstelling aan beplande kommunikasiesituasies soos in paragraaf 4.2.5 van die vorige hoofstuk beskryf, toegeskryf word. Ander "oefening" wat studente in kommunikasie kry, soos byvoorbeeld deelname aan die georganiseerde studentelewes is egter nie in hierdie studie verreken nie, en sou ook kon bydra tot die afname in kommunikasievrees.
- * *Afname* in die kommunikasievrees vir klasgee is egter deur die loop van die professionele opleiding *prakties betekenisvol*. Hierdie afname kan heel moontlik aan die mikro- en praktiese onderwysprogram toegeskryf word, aangesien studente hiertydens juis oefen om klas te gee.

Uit bostaande beredenerings is dit duidelik dat beide die doelstellings van hierdie studie, naamlik die bepaling van die aard en omvang van kommunikasievrees van HOD-studente

5.3 Aanbevelings

Op grond van die resultate van die navorsing die volgende aanbevelings:

- * Onderwysers en onderwysstudente moet bewus gemaak word van kommunikasievrees as verskynsel en die moontlike negatiewe gevolge wat hoë vlakke van kommunikasievrees (van leerlinge sowel as onderwysers) vir die onderrigleerbeure kan inhou.
- * Daar moet in onderwysersopleiding aandag gegee word aan wyses waarop kommunikasievrees in die klas voor- en oorkom kan word.
- * Daar moet voortgegaan word met mikro- en praktiese onderwys. Indien dit moontlik by sommige opleidingsinstansies afgeskeep word, moet die belangrikheid daarvan onder die betrokke persone se aandag gebring word, veral met die oog op afname van kommunikasievrees vir klasgee.
- * Aangesien onvoldoende kommunikasievaardigheidsontwikkeling 'n moontlike oorsaak van kommunikasievrees is, behoort daar in onderwysersopleiding meer aandag aan kommunikasievaardighede van onderwysers gegee te word.

5.4 Verdere navorsingsmoontlikhede

- * Navorsing aangaande kommunikasievrees moet voortgesit word, om ook onderwysstudente vir die primêre skoolfase in te sluit, veral gesien die belangrikheid van die laerskoolonderwyser as rolmodel.
- * Verdere navorsing behoort gedoen te word ten einde te probeer vasstel waarom bepaalde persone hoë vlakke van kommunikasievrees ervaar.
- * Programme behoort ontwikkel te word ten einde aspirant-onderwysers (en desnouds praktiserende onderwysers) te help om hoë vlakke van kommunikasievrees te oorkom.
- * Daar behoort navorsing gedoen te word oor kommunikasievrees in 'n multikulturele milieu ten einde die aard en omvang daarvan in sodanige milieu te bepaal.